Die Koringaar

NG Kerk Koringberg

16 Mei 2021

Teks: Deut. 11: 10-21; Heidelbergse Kategismus Sondag 10

Moet ‘n mens bid vir reën?

Dit wil voorkom of ons geloofslewe dikwels in spanning is as dit by die weerpatrone kom. Aan die een kant hou ons die weer dop, ons kyk na ons ‘weather apps” en luister na die weerkundiges. Aan die ander kant sê ons ook vir mekaar “ons moet bid vir reën.” Miskien moet ons hierby juis vrae: mag ons bid vir reën? Of moet ons bid vir reën? Of anders gestel: as God dan droogte stuur, mag ons bid dat die droogte moet ophou?

Wat moet ons van dit alles dink en sê? Predikante word dikwels daarvan beskuldig dat ons te veel met die bonatuurlike rekening hou en te min met die natuurlike. Dit moet nie so wees nie. God self het die natuurwette daargestel en bepaal hulle gang. En tog moet ons uiteindelik vrae hoe ons nou die natuurlike weerpatrone met die bonatuurlike versoen. Hoe bring ons die spanning wat daar dikwels heers in harmonie? As jy die weerkundige sou vra waarom daar dan hierdie gedurige droogtes in ons land is, sou hy of sy waarskynlik tegnies ’n baie goeie antwoord kon gee. Hulle sou ook die globale prentjie kon noem en rekening hou met die toestande oor die hele aarde. Aardverwarming kan bv. ’n rol speel, of ’n vulkaan of aardbewing wat iewers uitgebars het. En hulle verklarings is sekerlik reg, heeltemal in ooreenstemming met die natuurwette wat die Skepper van hemel en aarde daargestel het.

Maar lê nou langs hierdie verklaring ons teks vanoggend (Deut. 11). Let veral op verse 16 en 17.Hier staan ons voor ’n groot vraagstuk. Moet ons die natuurkundige vraagstukke net natuurkundig verklaar? Of moet die gedrag van mense daarmee in verband gebring word? Hoe moet ons oor dit alles oordeel? Met die Skrif in die hand kyk ons vanoggend verder hierna.

VOORBIDDING

Siekes: Ons dink in ons gebede aan almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk ná operasies of behandeling: -

Verjaarsdae: Martin-Louis Saayman 17/05, Heino Smit 17/05, Karen Mostert 22/05, Esther Pretorius 22/05

Deuroffer: Plaaslike eiendomme

Pinkster: Weens die planttyd het ons reeds verlede jaar besluit om ons Pinksterbidure die jaar met ’n week uit te skuif. Dit sal van die 23ste tot die 27ste Mei wees om 18:30 en daar sal natuurlik soos altyd heerlike sop en brood na die tyd wees.

Sondag:	Hoe kan jy sê daar is net een weg tot God?
Maandag:	Wat gee jou die reg om vir my te sê hoe om te lewe?
Dinsdag:	Hoekom laat God lyding toe?
Woensdag:	Hoekom is die kerk verantwoordelik vir soveel ongeregtigheid?
Donderdag:	Hoe kan God goeie mense hel toe stuur?

GEMEENTEBEDIENING

Kategese: Gaan vanoggend steeds voort.

Jongwerkendes Bybelstudie: Hervat weer na die planttyd.

Midweek Bybelstudie: Woensdag 19 Mei om 09:30

Huisgodsdiens: Daar word elke week ’n beplanning vir huisgodsdiens op die WhatsApp groep en webtuiste gedeel.

WhatsApp: Om deel van die gemeente se WhatsApp groep te wees kontak asseblief die kerkkantoor.

Teebeurte: Almal wat bereid is om tee te maak en te bedien na die diens kan asb. vir Karin Theron kontak (082 578 2294).

Gasvryheid: As jy bereid is om die Koringaar nuusbrief by die deure uit te deel voor die diens, kontak asb. vir ds. Nel.

BARMHARTIGHEID

Sopkombuis: 2 dae per week vir voorskoolse kinders in gemeenskap vanaf Maart – November. Skenkings is altyd welkom. Kontak gerus vir Sandra Kritzinger (079 923 3037) of Georgina Botes (082 616 2810)

Kosbank: Kospakkies vir behoeftiges in ons gemeenskap. Kontak vir Andrea Truter vir enige navrae (082 328 1089) hieroor.

Dagsorg : Die vroeë kinderontwikkeling projek by die POP sentrum. Kontak vir Peter Fourie vir navrae (082 862 8686).

ACVV: Die senior burger koringklub fokus op weeklikse programme vir senior burgers in ons gemeenskap. Kontak asb. vir Lize Steyn (082 263 9434) vir navrae.

Nal'ibali: Die gemeenskap leesprojek vir kinders. Kontak vir Lize-Maré le Roux (061 109 9336) vir navrae.

TAFELGESPREK

Vraag: Wat verstaan jy onder die voorsienigheid van God?
Antwoord: Die almagtige en oralteenwoordige krag van God (a) waardeur Hy hemel en aarde en al die skepsels asof met sy hand nog onderhou en so regeer (b) dat lower en gras, reën en droogte (c), vrugbare en onvrugbare jare, voedsel en drank, gesondheid en siekte (d), rykdom en armoede (e) en alles, ons nie per toeval nie, maar uit sy Vaderhand toekom (f). (a) Hand 17:25-28; Jer 23:23, 24; Jes 29:15, 16; Eseg 8:12. (b) Heb 1:3. (c) Jer 5:24; Hand 14:17. (d) Joh. 9:3. (e) Spr 22:2. (f) Matt 10:29; Spr 16:33.

Vraag: Wat baat dit ons dat ons weet dat God alles geskep het en dit nog deur sy voorsienigheid onderhou?
Antwoord: Dat ons in alle teëspoed geduldig (a) en in voorspoed dankbaar (b) kan wees. Verder dat ons ook vir die toekoms 'n vaste vertroue in ons getroue God en Vader (c) kan stel dat geen skepsel ons van sy liefde sal skei nie (d), aangesien alle skepsels so in sy hand is dat hulle sonder sy wil nie kan roer of beweeg nie (e). (a) Rom 5:3; Jak 1:3; Ps 39:10; Job 1:21, 22. (b) 1 Tess 5:18; Deut 8:10. (c) Ps 55:23; Rom 5:4. (d) Rom 8:38, 39. (e) Job 1:12; 2:6; Spr 21:1; Hand 17:2.

NG Kerk Koringberg

Kerkraad:
Dorp: ouderling Flip Botes (083 633 2662) & diaken Emden Vosser (083 655 2414).
Hooggeleë : ouderling Kobus Dippenaar (082 897 2490) & diaken Marnus Engelbrecht (083 659 8327).
Bergrivier: ouderling Andre Kritzinger (078 255 8245) & diaken Ryno Olivier (083 411 0312)
Klipvlei*:* ouderling Christoff Truter (083 346 4912) & Barend Brand (076 372 1010).
Leraar: Ds. Jaco Nel: Pastorie: 065 576 2986; Epos: nelpetrusjacobus@gmail.com.

Kommissie voorsitters:
Vrouediens: Adèle du Toit (083 954 9524)
Plaaskommissie: -

Personeel:
Skriba/ kassiere**:** Lize Steyn: Sel: 082 263 9434; Epos: ngkkoringberg@gmail.com
Koster**:** Gert de Waal: 078 375 9549
Kerkkantoor oop Woensdae 13:00 – 17:00

Facebook: www.facebook.com/Koringberg-NG-Kerk
Webtuiste: koringberg.ng.org.za

FNB Rek. no. 621 390 582 27

English liturgy and summary: May we pray for rain?

- Word of welcome
- Intercession prayer
- Votum (Opening prayer): Psalm 124: 8
- Blessing
- Hymn of praise: Psalm 148: 1, 2, 3, 5
- Law: Luke 13: 1-5
- Confession of sin: Psalm 38: 1, 2, 7
- Words of grace
- Confession of faith: Nicea
- Song: 451: 1-3
- Children sermon: John 4
- Offerings
- Scripture reading: Deuteronomy 11: 10-21; Heidelberg Catechism Sunday 10

It would seem that our faith life is often in tension when it comes to the weather. On the one hand, we monitor the weather patterns; we look at our weather apps and listen to the meteorologists. On the other hand, we also tell each other "we must pray for rain." Perhaps we need to ask: can we pray for rain? Or should we pray for rain? Or to put it another way: if God sends drought, may we pray that the drought will cease?

What should we think and say about all this? Ministers are often accused of paying too much attention to the supernatural and too little to the natural. It should not be so. God himself established the l.a.w.*s of nature and determined their course. And yet we must finally ask how we now reconcile the natural weather patterns with the supernatural. How do we bring the tension that often prevails into harmony? If you were to ask the meteorologist why there are these constant droughts in our country, he or she will probably give a very good answer. They could also paint the global picture and take into account the conditions all over the earth. Global warming can e.g. play a role, or a volcano or earthquake that erupted somewhere. And

their statements are certainly correct, completely in accordance with the laws of nature established by the Creator of heaven and earth.

But now next to this statement lies our text this morning (Deut. 11). Pay special attention to verses 16 and 17. Here we are facing a big issue. Should we just explain the natural issues naturally? Or should the behavior of people be related to it? How should we judge it all? With Scripture in hand, wê will look further into this.

- Prayer
- Song: Psalm 33: 1, 3, 7
- Blessing
- Amen

Q. What do you understand by the providence of God?

A. God's providence is his almighty and ever present power, 1

whereby, as with his hand, he still upholds heaven and earth and all creatures, 2 and so governs them that leaf and blade, rain and drought, fruitful and barren years, food and drink, health and sickness, riches and poverty, 3 indeed, all things, come to us not by chance 4 but by his fatherly hand. 5 1.Jer 23:23, 24; Acts 17:24-28. 2.Heb 1:3. 3.Jer 5:24; Acts 14:15-17; Jn 9:3; Prov 22:2. 4.Prov 16:33. 5.Mt 10:29.

Q. What does it benefit us to know that God has created all things and still upholds them by his providence?

A. We can be patient in adversity, 1 thankful in prosperity, 2

and with a view to the future we can have a firm confidence in our faithful God and Father that no creature shall separate US from his love; 3 for all creatures are so completely in his hand that without his will they cannot so much as move. 4 1.Job 1:21, 22; Ps 39:10; Jas 1:3. 2.Deut 8:10; 1 Thess 5:18. 3.Ps 55:22; Rom 5:3-5; 8:38, 39. 4.Job 1:12; 2:6; Prov 21:1; Acts 17:24-28.